# LAERSKOOL LYDENBURG

Omsendbrief 4 van 2024

08 Februarie 2024

Geagte Ouers

**1. DAGROOSTER: 12 - 16 FEBRUARIE 2024**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Dag 4 |
| Dinsdag | - | Dag 5 |
| Woensdag | - | Dag 6 |
| Donderdag | - | Dag 1 |
| Vrydag | - | Dag 2 |

2. **SKOOLTYE**

**Die skool is gesluit a.g.v. atletiek op die volgende datums:**

**Vrydag: 09 Februarie 2024**

**Maandag: 19 Februarie 2024**

**Die skool sal op Maandag, 12 Februarie om 11:00 uitkom vir die Kruine-byeenkoms.**

3. **ATLETIEKBYEENKOMSTE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vrydag | - | 09 Februarie: | Kringbyeenkoms |
| Maandag | - | 12 Februarie: | Kruine |
| Saterdag | - | 17 Februarie: | Interlaer (Nelspruit) |

Betrokke atlete sal briewe ontvang.

4. **TENNIS**

Baie sterkte aan die seuns- en dogterspanne wat Vrydag (09 Februarie) en Saterdag (10 Februarie) wegwedstryde speel. Betrokke leerlinge het briewe ontvang.

5. **VALENTYNSWEEK: 12 – 16 FEBRUARIE 2024**

**Met die liefde wat weer in Februarie aan die blom is, begin ons reeds vroeg om Valentynsdag te vier!** Pragtige geskenkies en heerlike eetgoed word te koop aangebied in die saal tydens 1ste en 2de pouse. Kom bederf die liefde in jou lewe met 'n geskenkie. Daar is ietsie vir elkeen se smaak. Pryse wissel tussen R5 en R50. Bring sakke vol geld!!!!

## Op Woensdag, 14 Februarie mag die leerlinge gewone klere aantrek skool toe.



6. **<u>JO BLACK EN WILLEM ENGELBRECHT</u>**

“Wees iemand wat almal, soos iemand laat voel, want niemand verdien om soos niemand te voel nie” (Jo Black)

Op 14 Februarie besoek Jo Black en Willem Engelbrecht van “Be That Guy”, Laerskool Lydenburg. Dit vind plaas op die sportgronde (A-veld) vanaf 11:30.

Dis weer tyd om ons LSL hande en harte oop te maak vir ons LSL-maatjies. Ons wil graag tydens die geleentheid die volgende produkte insamel: Tandeborsels, tandepasta, “roll-on” of spuitgoed, badseep, sjampoe, lyfroom, naelborsels, -knippers, haarrekkies,-knippies en waslappe of sponsies. Die produkte kan vooraf skool toe gebring word en by die klasonderwyser ingehandig word.

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**